

Die Goue Kandelaar en die Lig van die Wêreld.



Open 1:13 en tussen die **sewe kandelaars** Een soos die Seun van die mens met 'n klee aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

DIE GOUE KANDELAAR (Heb. = MENORA) EN DIE LIG VAN DIE WÊRELD

Die **kandelaar** is 'n **simbool** van **Christus en sy kerk**. Die sewe gemeentes Opb 2-3

Éfese - Smirna - Pérgamus - Thiatire - Sardis - Filadelfia - Laodicéa !!!

Johannes op die eiland patmos deur keiser Domitianus verban 96 nC



Open 1:12 Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,

Open 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

Open 1:14 Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam,

Open 1:15 en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.

Open 1:16 En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was

soos die son wat skyn in sy krag.

Die **Menora** (die **sewe arm kandelaar** wat gestaan het in die **heiligdom** van die **Tabernakel**) dui eintlik 'n lewendige boom aan , 'n Boom van Lig. In der waarheid is die **hoofkenmerk van die kandelaar** die **verhouding met die Boom van die Lewe,** wat gevind is in die **Tuin van Eden** en **waaroor gepraat word in Openbaring 22:2** In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die **boom van die lewe** wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.

Die **simboliese motief** van die **Menora** was die van 'n **amandelboom**. Dit **kon wel** gewees het dat **Christus** en die **twee rovers** aan so **'n amandelboom gekruisig was**. Indien wel, **dan**

is dit ironies dat Christus gesterf het aan 'n boom wat die Boom van die Lewe voorstel.

Jesus beskryf Homself in **Open 2:1** Skryf aan die engel van die gemeente in Efése: Dít sê **Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:** Hierdie **kandelare** is die **7 gemeentes** en **Hy is hulle Bron van Lig**. Dit is betekenisvol dat **Hy** ook die **middelpunt is van die sewe briewe** wat op hoofstuk een volg, **asook die sewe sendbriewe** waar die **lig van Christus** reg in die middel gevind word:

1Joh 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: **God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.**

DIE SHAMMASH - DIE MIDDELSTE LIG IS CHRISTUS


Die **lamp in die middel** van die **Menora** het **hoër** as die ander lampe gestaan **en het olie voorsien** aan **die drie lampe** wat aan die **een kant** en die **drie lampe** wat aan die **anderkant** van die **middelste lamp** is. Om **werklik te verstaan** hoe **belangrik** die **middelste lamp** is, moet ons eers iets **meer van die Menora self weet**.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE MENORA

Die Here het **Moses beveel** om die **kandelaar te maak**.

Exo 25:31 Maak ook 'n **kandelaar van suiwer goud**. Van dryfwerk moet die kandelaar, sy **voetstuk** en sy **stam** gemaak word; sy **kelkies**, sy **knoppe** en sy **blomme** moet, daarmee saam, **uit een stuk wees**.

Exo 25:32 En **ses arms** moet uit die **sykante daarvan uitgaan**: drie arms van die kandelaar uit die een kant en drie arms van die kandelaar uit die anderkant.



Exo 37:17 Hy het ook die **kandelaar** van **suiwer goud** gemaak. Van **dryfwerk** het hy die **kandelaar** gemaak, sy **voetstuk** en sy **stam**; sy **kelkies**, sy **knoppe** en sy **blomme** was, daarmee saam, **uit een stuk**.

Exo 37:18 En **ses arms** het uit die **sykante** daarvan uitgegaan: **drie arms** van die kandelaar uit die **een kant** en **drie arms** van die kandelaar uit die **ander kant**.

Exo 37:19 **Drie kelkies** soos **amandelblomme** aan die **een arm**, 'n **knop** en 'n **blom**, en **drie kelkies** soos **amandelblomme** aan die **ander arm**, 'n **knop** en 'n **blom**—so was dit **aan die ses arms** wat uit die kandelaar uitgaan.

Exo 37:20 Maar **aan die kandelaar self** was **vier kelkies** soos **amandelblomme**, met **knoppe** en **blomme**:

Exo 37:21 daar was 'n **knop onder die eerste paar arms** wat daar - uit uitgaan; en 'n **knop onder die tweede paar arms** wat daaruit uitgaan; en 'n **knop onder die derde paar arms** wat daaruit uitgaan—vir die ses arms wat daaruit uitgaan.

Exo 37:22 Hulle **knoppe** en hulle **arms** was, daarmee saam, **uit een stuk** alles saam **een stuk dryfwerk van suiwer goud**.

Exo 37:23 En hy het **sewe lampe** daarvoor gemaak en sy **snuiters** en sy **bakkies** van **suiwer goud**.

Exo 37:24 Van 'n **talent (55kg)** **suiwer goud** het hy dit gemaak met al sy gereedskap.

DIE SES ARMS AAN WEERSKANTE VAN DIE KANDELAAR, ASOOK DIE DRIE KELKIES SOOS AMANDELBLOMME IS SIMBOLIES VAN ONDERGENOEMDE.

- (1) **Aan die een kant van die kandelaar 'n sinnebeeld van die drieledigheid van die mens. Gees, Siel, en Liggaam**
- (2) **Aan die anderkant van die kandelaar. Die Goddelike drie Eenheid, die Vader, Seun, en Heilige Gees.**
- (3) **2 Pet 3:8** Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. (**Die 6 arms kan dan ook 'n sinnebeeld wees van die sesduisend jaar van die mens op aarde. Van die skepping af [Adam en Eva] tot by die Kruisiging het vier duisend jaar verloop, van die kruisiging tot huidiglik nog twee duisend jaar**) **Lewe het dus begin op aarde volgens Gods woord 6,000 jaar gelede. God se volmaakte getal is SEWE** daar is dus nog 'n sewende duisend jaar [toekomstig], bekend as die duisendjarige vrederyk **of Millennium**. Sesduisend jaar van die Genade van God vir die mens op

aarde.

(4) Exo 37:19 Amandelblomme! Die **simboliese motief van die Menora, was die van die Amandelboom**. Dit kon wel moontlik gewees het dat Jesus en die twee rowers aan 'n Amandelboom gekruisig was. **INDIEN WEL !!!** Dan is dit so dat Jesus gesterf het aan 'n boom, wat die boom van die lewe voorstel.

Die amandelboom is die eerste vrugteboom wat in ISRAEL bot. In die vroeë voorjaar is die amandelboom oortrek met groot hangende sneeuwit blomme, (einde Januarie) wanneer die ander bome nog in hul winterslaap is. So is die amandelboom die beeld van die ontwakende nuwe lewe, die wakker wees. **DIE WEDERGEBOORTE. Joh 3:3-5 uit water** [Gr = Hudatos] en gees.

Opb: 1:5(b) ... en ons van ons sondes gewas het in sy bloed, (Koorvers ; Is jy rein deur die bloed, deur die kosbare bloed van die Lam? Is jou klerre vlekloos, soos die sneeu so wit. Deur die kosbare bloed van die Lam. Die wit van Amandelbloei en sneeu) Die Hebr. woorde vir wakker wees en Amandel is eenders "sjāqēd" **AMANDEL BETEKEN DUS OM WAKKER TE WEES.**

Jer 1:11 Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Wat sien jy, Jeremia? En ek antwoord: Ek sien 'n amandeltak. [sjāqēd]

Jer 1:12 Toe sê die HERE vir my: Jy het goed gesien, want Ek is wakker [sjāqēd] oor my woord om dit te volbring.

Num 17:8 "Die bloeiende staf van Aäron" En toe Moses die volgende dag in die tent van die Getuïenis ingaan, kyk, daar het die staf van Aäron, vir die huis van Levi, gebloei: dit het bloeisel laat uitspruit en blomme laat oopgaan en **amandels laat ryp word !** [sjāqēd]

Die staf van Aäron wat die bloeisel en ryp amandels laat uitspruit het, **is simbolies van van die dood en opstanding van JESUS.**

Jes 11:1 Maar daar sal 'n **takkie uitspruit (JESUS)** uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra;

Jes 11:2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus (1), die Gees van wysheid (2) en verstand (3) , die Gees van raad (4) en sterkte (5) , die Gees van kennis (6) en van die vrees van die HERE. (7)

DIE SEWE GEESTE VAN JESUS !!! (Jes 11: 2)

- (1) En op **Hom (JESUS)** sal die Gees van die Here rus.
- (2) Die Gees van wysheid.
- (3) En verstand.
- (4) Die Gees van raad.
- (5) En sterkte.
- (6) Die Gees van kennis.
- (7) En van die vrees van die Here.

Opb 5:6 En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, **wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.**

DIE KANDELAAR SELF, OF DIE STAM IS DAN OOK SIMBOLIES VAN JESUS AS DIE WYNSTOK, IN (Joh 15) !!!

Exo 37: 20 Maar aan die kandelaar [stam] self was **vier kelkies** soos amandelblomme, met knoppe en blomme:

Dit is opmerklik dat die stam vier kelkies soos amandelblomme met knoppe het, **een meer as die ses arms aan die sykante.**

Opb 5:9 Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want **U is geslag en het ons vir God met U bloed gekoop uit elke (1) stam (2) taal en (3) volk en (4) nasie,**

Die vier kelkies soos amandelblomme is dan ook simbolies van, die Goddelike drie eenheid. **(1)** God die Vader **(2)** God die Seun **(3)** God die Heilige Gees **(4)** Die gemeente [**ekklēsia**] die liggaam van die stam, JESUS CHRISTUS.

Die voetstuk van die kandelaar, waaruit die stam spruit is dan simbolies van God die Vader.

Joh 17:8 Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en **waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het,** en hulle het geglo dat U My gestuur het.

JESUS DIE WARE WYNSTOK Joh 15: 1-27; DIE STAM VAN DIE KANDELAAR "MENORA" !!

Joh 15:1 Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.

Joh 15:5 Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

Ons het in die gelykenis van die wynstok en die lote die wonderlikste, die diepste, en heerlikste van al die treffende gelykenisse van die Here Jesus. Dit laat ons dink aan; **Efes 5:30** " Want ons is lede van sy liggaam, van Sy vlees en van Sy bene" (Ons is in 'n werklike, letterlike eenheid met Jesus Christus.) **1 Kor 6:17** "Wie die Here aanhang, is een gees met Hom. " **Een gees!** Hy woon deur die Gees in my gees, verkwik en versterk my gees. **1 Kor 2:10** "Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God."

Die uitstaande heerlikheid van die lote is seker hulle eenheid met die wynstok, en hulle eenheid met mekaar. Soos in die Goue Kandelaar het ons hier weer n voorstelling van die Here Jesus as een met Sy Bruid, en die Bruid een met mekaar in Hom.

Die lote van die wingerdstok verskil van mekaar. Sommige is dik, ander dun; sommige is lank, ander kort; sommige het meer blare, ander minder. Ons sal nêrens in die wêreld 'n wingerdstok kry waarvan twee lote in alle opsigte eenders is nie. En tog maak hulle nie onder mekaar rusie nie. Almal harmoniseer in die wynstok.

In die Hoëpriesterlike gebed van Jesus [**Joh 17**] bid Hy **sewe maal** tot die Vader **DIE WAT U MY GEGEE HET** min of meer dieselfde woorde "Ek bid vir hulle". Dat Hy drie-en-veertig maal die woord "HULLE" gebruik. Die onsigbare en tog onmisbare deel van die wingerdstok is die sap wat gedurig uit die wortels deur stam, lote en elke blaar vloei. Die ware loot het die ware wynstok se natuur. Die strome van lewende water hou nooit op om deur te vloei nie, omdat hy nooit ophou om te ontvang nie. Die lewe van die wynstok, die sap, vloei uit deur die lote in die vorm van druiwe. Die lewensap van die ware WYNSTOK, is die Heilige Gees self, voorgehou in die Woord as die lewende water. **Die lote is daar om die wynstok te verheerlik en hulle doen dit deur vir die wereld heerlike, geurige ryp druiwe te gee. (Die uitvoer druiwe van die Heilige Gees)**

JESUS die **WYNSTOK** het uit die hemel na die aarde gekom en is op die **kruis-priemel vasgespyker**, waarvandaan **HY om die hele wereld rank** en vrugte dra van verlossing, vrymaking en genesing tot 'n aangename geur. (**Gal 5:22** Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.) **Jesus vrugte, uitvoer gehalte.** Elke weergebore kind van God is veronderstel

om gedurig daarvan te eet en te geniet, dag en nag, solank as wat die Heilige Gees lewe vloei, en dit is vier en twintig uur per dag.

Prima Vrugte. Nou word daar aan **u wingerd gekorrel** deur u medemens, dié in die kerk, **u mede broeder en suster in die Here, familie en vriende.** Hulle korrel die **liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, en selfbeheersing.**

- 2 Kor 2:14** Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat **die reuk van sy kennis deur ons oral versprei.**
- 2Kor 2:15** Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God onder die wat gered word en onder die wat verlore gaan;
- 2Kor 2:16** vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe. En wie is tot hierdie dinge bekwaam?

DIE KANDELAAR IN JOODSE GESKRIFTE !!!

Flavius Josefus beskryf die **kandelaar** of **menora** in een van die **ou Joodse geskrifte** en sê ondermeer dat daar, in navolging van die getal planete, **sewe lampe** was wat in 'n **reguit ry geplaas** was. Die **menora** is teen die suidelike muur van die **Heiligdom** in die **tabernakel** neergesit, reg **oorkant die tafel met die toonbrode.** Dit het dus **skuins** na die **ooste** en die **suide** gestaan. Volgens sommige Joodse bronne het die **drie lampe** aan die **oostekant weswaarts gefront**, dus **na die middelste lamp** - en die **drie lampe** aan die **westekant** weer **ooswaarts gefront**, omdat dit **ook na die middelste een gedraai was.** Die **middelste lamp** het noordwaarts, na die middel van die ver trek, gefront. Dit het dan ook as die '**Dienslamp van God**' bekend gestaan.



Die ses lampe, drie ooswaarts en drie weswaarts gefront. DIE SIMBOLIESE BETEKENIS = **Psa 103:12** So ver as die **ooste** verwyderd is van die **weste**, so ver verwyder **Hy [JESUS]** ons **oortredinge van ons.**

Die middelste lamp het **NOORDWAARTS** gefront **SIMBOLIES VAN JESUS.** Die **DERDE HEMEL** is **gelokaliseer** in die **Noorde,**

ook bekend as die **hoogste HEMEL**. (Die Goudstad.)

2Kor 12:2 Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—**dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel**.

Psa 48:3 Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die **noordekant**, die stad van die groot Koning!

Job 26:7 voor Hom wat die **noorde** uitspan oor die chaos, wat die aarde ophang oor 'n niks;

Jes 14:13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die **Noorde**.

DIE WONDER VAN DIE MENORA

Elke oggend moes 'n **priester** in die **Heiligdom** ingaan om die **lampe te versorg**. Gewoonlik was **ses van die lampe** reeds dood, omdat **hulle olie** in die **nag opgeraak het**. Elke lamp kon net genoeg olie vir een dag hou.

Die **middelste lamp** kon egter tot 'n **dag langer** as die ander **brand** en dít met **dieselfde hoeveelheid olie**.

Joodse skrifgeleerdes het **vroeg reeds verklaar** dat dít die **wonder** van die **menora** was. Die **priester** het elke **môre eerste** na die **lampe** aan die **oostekant** omgesien, hulle **een vir een uit-gehaal, skoongemaak, die lamppitte geknip**, nuwe **olie in-gegooi** en hulle **weer by die vlam van die middelste lamp aangesteek**. Daarna het hy **dieselfde** met die **drie lampe** aan die **westekant** gedoen. Die **priester** wat **in die aand diens kom doen** het dan na die **lamp van God, die middelste een**, omgesien.

Die middelste lamp het nooit doodgegaan nie en moes altyd vir skoonmaak doeleindes doodgemaak word.

DIE SHAMMASH, DIE MIDDELSTE LIG, (CHRISTUS) GAAN DOOD

Die **Joodse geskiedenis** vertel dat ongeveer **40 jaar** voor die ver-

nietiging van die Tempel in 70 nC, het die **middelste lamp** van die **Menora**, - wat in die **Heiligdom in Herodus se Tempel**, gestaan het, - **geflikker en doodgegaan**. Die **priesters** het alles **in hul vermoë** gedoen om die **lamp weer aan die brand te kry, maar dit wou nie brand nie**. Hulle het die **pypies oor en oor skoongemaak**, maar verniet.

Die dienende lamp het vir die volgende 40 jaar nie weer gebrand nie, en ook nie weer daarna nie!

Dit beteken dat **die lamp doodgegaan het hier teen die einde van Christus se bediening op aarde**, hoewel die Joodse geskrifte dit natuurlik nie só sal uitlig nie. Ons weet egter dat dit die geval is en **die visioen wat Johannes in Openb 1 beskryf, bevestig dit**. Nadat die **Tempel** deur die **Romeine vernietig was**, het die **rabbi's geskryf** dat hulle uiteindelik verstaan waarom die **dienende lamp** nie weer wou brand nie. **Hulle sê dat God hulle probeer waarsku** het dat die **Tempel vernietig sou word**. Hulle het nie verstaan dat hulle, hul Messias en Sy bediening sowat **40 jaar gelede, voor die vernietiging van die Tempel verwerp** het nie.

Wat ons hiervan aflei is dat nadat Christus aan die Kruis vasgenael is, is die lamp deur 'n Hoër Hand geblus.

DIE LAMPPITJIE !!!

Hieruit leer ons die groot les wat elke kind van God moet leer, dat hy aan die **een kant "verordineer is om gelykvoornig te word aan die beeld van Sy Seun."** (Rom 8:29) En aan die **anderkant** nog altyd moet erken **"dit ontbreek my aan die heerlikheid van God,"** (Rom 3:23)



As ons lank genoeg by **die kandelaar** vertoef, sal ons oë miskien wegkyk van **die heerlikheid** van die **kandelaar** en die eenvoudige ou **swart lamppitjie** raaksien. En as ons al **geleer** het om oor **die dinge van God te peins**, sal 'n paar gedagtes ons seker tref.

Die eerste is stellig dat in **hierdie heiligdom** waar alles van **goud** is,

aan die **ou lamppitjie** ook 'n **plekkie** toegesê is, en nie dit alleen nie, maar die gedagte dat **die lamp sonder hom geen lig kan versprei nie**, gryp ons aan.

Dink daaraan: **op die ou lamppitjie rus die verantwoordelikheid om die kandelaar mooi te maak, om sy heerlijkheid aan die wêreld te openbaar.**

Die **Hemelse Vader** soek vandag **onder Sy kinders hulle wat laag genoeg kan buig om eenvoudige ou lamppitjies** te wees; hulle **wat Hom lief genoeg het om gehoor te gee aan Sy bevel om vervul te wees met die Heilige Gees**; hulle **wat in nou genoeg aanraking met Hom leef om vervul te bly en gedurig deurweek te wees met die olie van die Heilige Gees**. **Alleen hulle kan**, en sal, selfs sonder dat hulle daarvan bewus is, **die Kandelaar vir die wêreld aantreklik maak.**

Die **innige verbinding** van die **lote en die wynstok**, asook van die **stam met die ses arms** is 'n **simbool van die innige eenheid tussen Christus en die gelowiges**. Daarom het Hy gesê: **"sonder My kan julle niks doen nie."** Ons is deelgenote van Sy goddelike natuur. **(2 Pet 1:4)** Die **sterkte van elke arm lê in die stam**. Paulus sê: **"As ek swak is, dan is ek sterk, omdat die krag van Christus in my woon."** **(2 Kor 12:10)**

BINNE IN DIE TABERNAKEL !!!

In die more, nog voor Aäron die lampe reggemaak het. Wat sien ons? **Sewe dowwe rokende lampitte wat 'n onaangename reuk versprei**. En die kandelaar lyk na niks besonders nie; dit kan net sowel van koper wees. Wat het dan gebeur? Ons loop nader en merk op dat aan elke pit daar n aanpaksel van aaklige swart roet vaskleef, wat dit vir die pit onmoontlik maak om 'n helder lig te gee. As ons die lampe kon oopmaak, sou ons uitvind dat die olie ook so te sê gedaan is. Nou is dit duidelik waarom Aäron elke oggend die lampe moes nasien en versorg. **Hy neem nou die snuiter en knip die roet van elke pit af**. Dan neem hy die goue kan met die olyfolie en vul al die lampe met die vars olie.



IN OPENBARING HOOFSTUK EEN BEWEEG JESUS, DIE HOËPRIESTER, van 'n groter en volmaakte tabernakel, tussen die sewe kandelaars en 'n skerp tweesnydende swaard [die snuiter] het uit Sy mond gegaan. Die Menora is in die Nuwe Testament 'n sinnebeeld van die gemeente [Ekklesia] van God, die uitgeroepenes uit alle **nasies, stamme, volke en tale.** Tussen die kandelaars wandel ons **Hoëpriester** om die lampe reg te maak, nie om dowwe lamppitte uit te blus nie, maar vry te maak van roet en van vars olie te voorsien sodat hulle, deur helder te brand, die lig van die wereld kan wees. Dit is 'n voorreg waarvan min van die kinders van God gebruik maak om gedurig in aanraking met hul **Hoëpriester** te bly, sodat geen roet kans het om saam te pak nie en die vars olie gedurig kan invloei.

Wat 'n Godgegewe voorreg om elke dag tot Jesus te nader: "Here Jesus U IS my Hoëpriester wys my of daar roet in my lewe is, wys my enige hindernis wat kan verhoed dat my vlam helder brand. Vul my elke dag met vars olie dat my lamp altyd helder sal brand tot 'n aangename geur 'n reuk van die lewe tot die lewe en dat ek nie 'n rokende lamp sal wees nie."

Aäron het gaan slaap na die versorging van die lampe, en reeds vroeg het die roet begin saampak en het die lampe begin dof brand. **Ons Hoëpriester [JESUS] SLUIMER OF SLAAP NIE.** Hy is altyd tot ons beskikking gereed om te antwoord op elke versoek en behoefte te voorsien. Aäron het altyd te doen gehad met dooie lamppitte. **Ons Hoëpriester [JESUS] HET TE DOEN MET LEWENDIGE LAMPPITTE,** met die gemeente wat Sy gees het.

Die laaste boodskap van die BRUIDEGOM AAN SY BRUID: "Laat die heilige nog heiliger word"

ROET AANPAKSELS OP DIE LAMPPIT !!!

Kwaadpraat, Kritiseer, Veroordeel, Murmerering, Ondankbaar, Eiegeregtigheid, Teëpraat, Vermaning weier, Liggeraaktheid, Ander minag en verag, Bedruktheid, Vreesagtigheid, Onvriendelikheid, Onbedagsaamheid, Onbarmhartigheid, Selfsugtigheid, Onvergenoegdheid, Hebsugtigheid [Gierigheid] Inhaligheid, Ongeduld, Louheid, Onverdraagsaamheid, Liefdeloosheid, Wêreldsgesindheid, Gebrek aan tyd vir gebed en Bybelstudie, Gees van selfregverdiging, Nalating van die bywoning van die onderlinge

byeenkomste [wil nie kerk toe gaan nie], Weier om tiende te betaal, Wil nie betrokke raak met kerkaktiwiteite nie [kerkraad, susters-raad, sonagskool, jeug, ens.]

1Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; **en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.**

1Joh1:9 **As ons ons sondes bely**, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

FIL 2:5 Want hierdie **gesindheid** moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.

Fil 4:5 Laat julle **vriendelikheid** aan alle mense bekend word. Die Here is naby.

JULLE IS DIE LIGDRAERS IN DIE WERELD !!!

Mat 5:13 **Julle is die sout van die aarde**, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.

Mat 5:14 **Julle is die lig van die wêreld.** 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;

Mat 5:15 en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.

Mat 5:16 **Laat julle lig só skyn voor die mense**, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Efe 5:8 Want vroeër was julle duisternis, **maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.**

Joh 8:12 En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: **Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.**

VAN LIG NA LIG !!!

Die Bybel belowe dat elkeen wat verlos is, tot in ewigheid sal lewe in 'n stad waar daar geen duisternis is nie.

Open 21:23 En die stad het **die son** of **die maan** nie nodig om in hom te skyn nie, **want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.**

Open 21:24 En die nasies van die wat gered word, sal **in die lig** daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin.

In **hierdie heerlijkheid** en **lig** gaan die **verlostes vir ewig** by die Here woon. Dit is opvallend dat **LIG** die primêre element in die nuwe skepping gaan wees. Wat ons as die **heerlikheid van God ken en beskryf**, word in die nuwe stad **onlosmaaklik verbind aan 'n helder en heilige lig.** Daarom staan daar in:

Open 21:11 en dit het **die heerlijkheid van God gehad**, en sy **lig** was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.

ONS BEVIND DAT DIE BYBEL SELF 'n " MENORA" IS.

Die getal SEWE kom meer as " Vyfhondred " keer voor in die BYBEL.

DIE GETAL " SEWE " KOM DAN OOK "AGTIEN"KEER VOOR IN DIE BOEK OPENBARING.

(1) Sewe Gemeentes **(2)** Sewe Goue Kandelare **(3)** Sewe Sterre **(4)** Sewe Geeste van God **(5)** Sewe Lampe van Vuur **(6)** Sewe Seëls **(7)** Sewe -Horings **(8)** Sewe Oë **(9)** Sewe Engele **(10)** Sewe Trompette **(11)** Sewe Donderslae **(12)** Sewe Laaste plaë **(13)** Sewe Laaste - Briewe **(14)** Sewe Goue Skale **(15)** Sewe Berge **(16)** Sewe Horings **(17)** Sewe Koppe **(18)** Sewe Krone.

Joh 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. "AMEN AMEN AMEN "



Die Jode is die enigste volk ter wêreld wat die Menora (die goue kandelaar) as simbool van hulle land en regering gebruik. Ander volke maak gebruik van onreine diere, voëls en reptiele.

EK IS, DIE ALFA (BET)

- S.P. Trollip

A. Alfa en Omega	Openbaring 21.6
B. Borg	Hebreërs 7.22
C. Christus, Gebore uit die maagd Maria	Lukas 1.31
D. Doper in die Heilige Gees	Mattheüs 3.11
E. Eersgeborene van die hele skepping	Kolossense 1.15
F. Fontein van lewende water	Johannes 4.10
G. Groot geneesheer	Lukas 4.23
H. Hoëpriester	Hebreërs 7.21
I. Immánuel, God met ons	Mattheüs 1.23
J. Jesus, Seun van God en die mens	Lukas 1.32
K. Koning tot in ewigheid	Lukas 1.33
L. Man van smarte	Johannes 1.29
M. Nasaréner	Jesaja 53.3
O. Oorwinnaar	Openbaring 6.2
P. Plaasvervanger vir die sondaar	Jesaja 53.5
Q. Quodlibet-fantasié buite menslike denke	1 Korinthiërs 2.9
R. Rots van die eeue	1 Korinthiërs 10.4
S. Saligmaker	Johannes 4.42
T. Triomfeerder	Openbaring 1.18
U. Uitverkorene van God	1 Petrus 2.4
V. Verlosser van sonde	Titus 1.4
W. Wonderbaar	Markus 12.11
X. X-straler van verborgenhede	Mattheüs 13.35
Y. Yweraar vir God se wil	Johannes 2.17
Z. Zero-einde. Hy is die EINDE van alles	Openbaring 1.1

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

DIE DEUR KAN SLEGS, VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ **Psm 38:19(b)** Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom **oordeel**: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,..** “**MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

